

SIT- SIT- SO

**Moet jou stoele
by die bruidstafel
pas, of is jy
doodgewoon
moeg vir jou
eetkamerstoele?
Retha Krieg
het raad**

Stoele van
Pine de Luxe,
Edenvale
(011) 453-5960,
materiaal van NetteX
(021) 951-1205,
stilerings Sonja Jordt,
foto's: Michael Doran

BENODIGHEDE

Ongeveer 1 $\frac{3}{4}$ m materiaal van 150 cm breed (of 2 m van 115 cm) van eie keuse. Moeselen of ongebleikte linne is ook geskik

Lang, dun spelde
Bypassende gare
Koord, strikke en ander versierings

MATE

Neem die mate van die stoel wat jy wil oortrek. Vermy duur foute deur eers 'n patroon uit ou lakenstof of ongebleikte

linne te maak. So kan jy presies vasstel hoeveel materiaal jy nodig het. Laat 'n 3 cm-naattoelating reg rondom toe by panele a, b en c. By panele d en e, tel 45 cm by die breedte vir die plooi en 7 cm by die lengte vir naat- en soomtoelatings.




MEET DIE STOEL SO

- a. Volledige agterpaneel - van die vloer tot by die bokant van die rug, en dwars oor die rugbreedte
- b. Voorpaneel van rug - van bo tot op die sitplek, en dwars oor die breedte
- c. Sitplek - die diepte en breedte
- d. Sypaneel x 2 - van die sitplek tot op die vloer, asook die breedte
- e. Voorpaneel - die sitplek tot op die vloer, asook die breedte

MAAK SO

1. Knip hierdie ses panele uit. Maak seker dat patrone op die materiaal by mekaar aansluit indien nodig.
2. Met verkeerde kante na buite, hou agterpaneel a teen stoel. Hou voorpaneel b in posisie en speld hulle aan mekaar vas.
3. Speld hoeke met 'n egalige ronding vas of maak vierkantige hoeke deur 'n klein pylnaat of plooi in te vou.
4. Speld sitplekpaneel c aan voorpaneel b vas
5. Met regte kante opmekaar, speld vertikale nate van voor en sypaneel d en e vas
6. Met regte kante opmekaar, speld middelvoor van voorpaneel e aan middelvoor van sitplek, paneel c, vas. Speld res van e aan c vanaf die middel vas.
7. Vou oortollige materiaal terug om 'n plooi van sowat 10 cm te vorm. Speld in posisie vas.
8. Speld sypaneel d aan agterpaneel a vas en vou 10 cm-plooi van oorblywende twee hoeke in. Speld in posisie vas.
9. Verstel nate waar nodig om te verseker dat oortreksel goed pas. Volg spelde noukeurig en merk naatposisies met snyerskryt.
10. Verwyder oortreksel. Hou spelde en plooi in posisie. Knip enige oortollige materiaal weg, maar laat 'n naattoelating van sowat 1,5 cm. Moenie die soomlyn nou knip nie.
11. Bring buisboorsel, waar verlang, by nate aan - gewoonlik om rug en sitplek.
12. Stik pylinate en plooi in posisie vas.
13. Plaas regte kante op mekaar en speld oortreksel weer op gemerkte lyne vas. Plaas oor stoel om seker te maak dit pas.

14. Verwyder van stoel en stik panele in die volgende volgorde vas:
 - (i) Voorpaneel b aan sitplek c.
 - (ii) Sy- en voorpaneel d en e aan sitplek c. (Maak seker nate pas presies oor hoeke.)
 - (iii) Agterpaneel a aan res van oortreksel.
15. Keer oortreksel om met regte kant na bo. Pas oor stoel en maak seker dat dit reguit sit. Merk soomlyn met spelde.
16. Verwyder oortreksel en ryg soom vas. Stik en pars. □



**Onthou ons nuwe handwerkadres.
Skrif gerus en laat weet waarvan jy
hou (en nie hou nie).**

**Handwerkposmandjie
Post Net Suite 192
Privaatsak X2600
Houghton
2041**